

3. DIE ALGEMENE ONDERWYSONTWIKKELING OP POTCHEFSTROOM VOOR EN ONMIDDELLIK NA DIE STIGTING VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

3.1 INLEIDING

Potchefstroom is een van die eerste dorpe wat deur die Voortrekkers ná hulle aankoms in Transvaal gestig is. Opvoedende onderwys het gedurende die vestigings- en ontwikkelingsjare 'n belangrike rol in die gemeenskap en volkswikkeling gespeel. Omdat onderwys reeds voor die stigting van Potchefstroom Gimnasium op georganiseerde en beheerde wyse plaasgevind het, is dit nodig om 'n kursoriese oorsig van die stigting en ontwikkeling van Potchefstroom, die onderwysvoorsiening tot voor die ontstaan van Potchefstroom Gimnasium in 1907 en onmiddellik daarna in hooftrekke weer te gee.

3.2 DIE STIGTING VAN POTCHEFSTROOM

Die Trekgeselskap van Kommandant Andries Hendrik Potgieter het gedurende November 1838 langs die oewers van die Mooirivier, in die omgewing van Oudedorp, aangekom. Die Trekgeselskap van Potgieter was die eerste Blanke nedersetting wat in Transvaal gevestig het.¹⁾ Die grondformasie was egter (veral gedurende reëntye), ongeskik vir 'n dorpsaanleg en die "Adjunk-raad" het op 26 November 1841 besluit om die dorp op die plaas van R du Toit laer af op die wes-oewer van die Mooirivier, waar die huidige Potchefstroom geleë is, te vestig.²⁾

1) Jenkins, G *A century of history: The story of Potchefstroom*, p 8.

2) Haasbroek, D J P *Die geskiedenis van Potchefstroom 1838-1881*, p 7.

Hierdie eerste Transvaalse Voortrekkerdorp was aanvanklik "Vryburg" en "Mooiriviersdorp"³⁾ genoem, maar is later die naam *Potchefstroom* gegee. Hoewel daar verskillende verklarings vir die betekenis van die woord *Potchefstroom* bestaan, word dit algemeen aanvaar dat die dorp gesamentlik na Potgieter en die Mooirivier vernoem is en dat die woord *Potchefstroom* soos volg saamgestel is, naamlik:⁴⁾

Pot-	- Potgieter
-chef-	- hoof of leier
-stroom	- Mooirivier (stroom)

Met die stigting van Potchefstroom is die Voortrekkers se vryheidsideaal bereik en kon hulle strewe na onafhanklike selfbestuur en opvoedende onderwys in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel verwesenlik word.

3.3 ONDERWYS IN POTCHEFSTROOM GEDURENDE DIE VESTIGINGSJARE 1838-1851

Gedurende die eerste aantal jare na vestiging (dit wil sê vanaf 1838 tot 1851) was die Voortrekkers, ten spyte van die dringendheid om die plase bewoonbaar te maak, gesteld op 'n bepaalde minimum verstandelike ontwikkeling van hul kinders. Die onderwys wat die kinders gedurende daardie tydperk ontvang het, was hoofsaaklik deur die moeder gegee. Die moeders het elke kind na die beste van hul vermoë en op 'n informele wyse die inhoud van die Bybel, geestelike liedere en die basiese kennis van lees en skryf van die

3) Potgieter, C en Theunissen, N H *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p 115.

4) Badenhorst, W J Die geskiedenis van Potchefstroom. In Van der Walt, A J H, Badenhorst, W J, Coetzee, J C en Jenkins, E H *Potchefstroom 1838-1938*, pp 16-18.

moedertaal (Hollands) en Rekenkunde geleer.⁵⁾

Onderwysershulp is periodiek deur rondreisende onderwysers verleen, byvoorbeeld deur Tielman Roos wat verskeie gemeenskappe in die Potchefstroomse distrik besoek en met die basiese onderwys gehelp het (kyk *hoofstuk 2*, pp 29-30). Hierdie hulp was ook deur 'n dame, tant Kootjie Basson, aangevul. Sy het van plaas tot plaas rondgegaan en die kinders uit die "Trap der Jeugd" geleer.⁶⁾

Die eerste kerkgebou⁷⁾ was reeds in 1842 opgerig waarin die eerste georganiseerde skool gehuisves is.⁸⁾ Gedurende 1848 het twee Kaapse predikante naamlik di. P E Faure en W Robertson, Potchefstroom besoek. Tydens hul tydelike verblyf in Potchefstroom het hulle 142 kinders gedoop en die jongmense met die kategetiese onderrig gehelp, sodat 134 van hulle belydenis van die geloof kon aflê.⁹⁾

Daar het dus gedurende die vestigingsjare opvoeding en onderwys in die Potchefstroomse distrik in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel plaasgevind, naamlik moedertaal- en godsdiensonderwys waarvoor die ouers hoofsaaklik verantwoordelik was.

-
- 5) Coetzee, J C Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.* *Potchefstroom 1838-1939*, p 124.
- 6) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, p 33.
- 7) Die eerste kerkgebou was regoor die huidige Kings Hotel gebou en die oorsprong van die naam van die hoofstraat, naamlik Kerkstraat word na die kerkgebou herlei.
- 8) Jenkins, *op.cit.*, p 12.
- 9) Coetzee, J C Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, p 127.

3.4 ONDERWYS IN POTCHEFSTROOM GEDURENDE DIE EERSTE JARE VAN "DE ZUID-AFRIKAANSHE REPUBLIEK" (ZAR) 1852-1865

In 1852 het "De Zuid-Afrikaansche Republiek", met Potchefstroom as hoofstad, totstand gekom. In Julie 1852 is die eerste permanente onderwyser vir Potchefstroom, naamlik H van der Linden (’n Nederlander) deur die Volksraad aangestel. Hy het die eerste openbare skool in Potchefstroom geopen en aanvanklik in die kerkgebou, wat alreeds in 1842 gebou is, skoolgehou. Die leerlingtal het vinnig toegeneem tot 85 leerlinge. Die ouers was vir die finansiering van die onderwys verantwoordelik en die onderwyser het onder die beheer van die kerkraad gestaan. Die leervakke was Lees, Skryf, Reken en enkele ander vakke met ’n godsdienstige strekking.¹⁰⁾ Die opvoedende onderwys het dus van meet af aan aan die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen.

In 1853 het ds D van der Hoff uit Nederland as eerste predikant in Potchefstroom aangekom.¹¹⁾ Ds D van der Hoff het besonder baie aandag aan die onderwys gegee. Hy het onder andere, net na sy aankoms, met die kerkraad en die ouers bepaalde finansiële reëlings getref waardeur die onderwyser se salaris teen R200,00 per jaar vasgestel en gewaarborg is.

Vanaf 1854 tot 1858 is die onderwys in Potchefstroom onderbreek as gevolg van ernstige verskille tussen H van der Linden en ds D van der Hoff wat die bedanking van eersgenoemde tot gevolg gehad het.¹²⁾ Hoewel ds D van der Hoff en die regering daarna baie moeite gedoen het om weer die dienste van ’n onderwyser te bekom, was die skool tot 1859 meer gesluit as oop en het die kinders gedurende dié

10) Coetzee, J C *Onderwys in Transvaal 1838-1937*, pp 19-20.

11) Jenkins, *op.cit.*, p 12.

12) Wessels, S J *Hendrik van der Linden, sy rol in die Transvaalse geskiedenis (1851-1880)*, p 26.

jare feitlik geen formele onderwys ontvang nie.¹³⁾

Die eerste Grondwet van "De Zuid-Afrikaansche Republiek", wat vanaf 1858 in gebruik was, het bepaal dat die onderwys voortaan die verantwoordelikheid van die staat is en dat die skool onder die toesig en beheer van 'n skoolkomitee moet staan. Die eerste skoolkomitee in Potchefstroom¹⁴⁾ het bestaan uit die here A M Goetz (voorsitter), B B Poortman (sekretaris), ds D van der Hoff, Staatspresident M W Pretorius en H S Lombaard (snr). Hierdie skoolkomitee het as eerste taak 'n reglement vir goewermentsonderwys opgestel, wat in hoofsaak bepaal het dat Vaderlandse Geskiedenis (naas die bestaande lêervakke) aangebied moet word en dat onderwysers lidmate van die Nederduits Hervormde Kerk moet wees.¹⁵⁾ Verder het die skoolkomitee H van der Linden (die vorige onderwyser), vanaf Natal laat terugkeer en hom in April 1859 teen R150,00 per jaar aangestel. Hy het die skool heropen en daar was aan die einde van 1859 100 leerlinge.¹⁶⁾

Die onderwys het gedurende daardie tydperk steeds aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen. Die meeste ouers was daarmee hoogs tevrede, soos dit ook in die rapport van die skoolkomitee weerspieël word. In 1860 is C Botha (16 jaar oud), wat deur Van der Linden as kwekeling-onderwyser opgelei is, deur die skoolkomitee "ondersoek", geskik bevind en 'n "sertifikaat van

13) Coetzee, J C *Onderwys in Transvaal 1838-1937*, p 22.

14) Coetzee, J C *Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt et.al., op.cit., p 136.*

15) *Ibid.*, p 137.

16) Wessels, *op.cit.*, p 37.

die vierde rang" aan hom uitgereik. Botha was die eerste opgeleide en geëksamineerde onderwyser wat uit die geleedere van die gevestigde Voortrekkers in Transvaal aangestel is.¹⁷⁾

In die begin van die sestigerjare van die vorige eeu het die politieke woelinge die onderwysontwikkeling nadelig getref; trouens, as gevolg van burgerlike onluste en gevolglike burgeroorlog het die onderwys, selfs tot stilstand gekom. Na die burgeroorlog is H van der Linden in Julie 1862 vir 'n derde maal as onderwyser in Potchefstroom aangestel. In Oktober 1863 is Van der Linden as Staatsekretaris benoem, waardeur die onderwys weer benadeel is, want eers in Augustus 1864 het J A Grimm hom as onderwyser in Potchefstroom opgevolg.

Hoewel die opvoedende onderwys op Potchefstroom gedurende die sestigerjare van die 19e eeu nog in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel plaasgevind het, het die invloed en aandrang van die Engelse gemeenskap al sterker geword.¹⁸⁾

3.5 DIE ENGELSE INVLOED OP DIE ONDERWYS IN POTCHEFSTROOM 1866-1880

In die begin van 1866 is die skoolkomitee in Potchefstroom opnuut saamgestel. Dié tweede skoolkomitee het uit die volgende lede bestaan, naamlik:¹⁹⁾ ds D van der Hoff (voorsitter), A F Schubart (sekretaris), dr W J Otto, A M Goetz, J P Klein, C J Olivier, P F Pretorius, D F J Steyn en D P Taljaard. Slegs twee lede van die vorige skoolkomitee

17) *Ibid.*, p 40.

18) Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, pp 143-148.

19) *Loc.cit.*

is herkies, naamlik ds D van der Hoff en A M Goetz.

In dieselfde jaar (1866) het die Volksraad 'n nuwe Onderwyswet goedgekeur wat onder andere bepaal het dat:²⁰⁾

- ° onderwysers lidmate van 'n Protestantse Kerk moet wees (en dus nie meer net van die Nederduits Hervormde Kerk nie) en
- ° dat Engels as leervak aangebied moet word.

Die toevoeging van Engels tot die kurrikulum was op aandrang van die Engelse inwoners (hoofsaaklik handelaars en setlaars) wat reeds in 1860 al versoek het dat Godsdiensonderrig deur medium van Engels aangebied moet word.²¹⁾

Die eerste Engelse onderwyser, naamlik J H Rossett (vanaf Graaff-Reinet), is in 1866 op Potchefstroom aangestel. Aan die einde van 1866 was daar 22 Engels-, 20 Hollands- en 20 dubbel-medium leerlinge in Potchefstroom.²²⁾

'n Verdere bewys van die vinnige ontwikkeling van die Engelse gemeenskap is die stigting van die eerste Engelse kerk in 1866.²³⁾

Die stryd tussen die Hollandse en Engelse gemeenskappe het vanaf 1867 toegeneem en die Engelse inwoners was nie meer net met 'n Engelse onderwyser in 'n Hollandse skool tevrede nie. In 1869 het die Engelse gemeenskap hulle eie Engels-medium skool, naamlik "Potchefstroom College", geopen.

20) Barnard, S S 'n *Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool 1838-1967*, p 155.

21) Lugtenburg, A H *Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek*, p 78.

22) Jenkins, *op.cit.*, p 44.

23) *Ibid.*, p 57.

Dit het tot gevolg gehad dat die twee skole, naamlik die Hollandse goewermentskool en die Engels-medium skool, teen mekaar gewedywer het om leerlinge te werf. 'n Verdere gevolg van die stryd tussen Hollandse- en Engelse inwoners was dat die eerste plaasskole gedurende daardie tydperk in die Potchefstroomse distrik tot stand gekom het.²⁴⁾ Die Hollandssprekende ouers was op hulle beurt ontevrede met die liberale invloed van die Engelssprekende gemeenskap op die opvoedende onderwys. Daarom het hulle verkies om privaatskole op die plase te stig wat onder die toesig van die kerk en die ouers gestaan en hoofsaaklik van rondgaande onderwysers gebruik gemaak het. Gedurende Julie 1872 is 'n tweede Engels-medium skool, naamlik die "Public Day School", geopen. Die totstandkoming van Engelse privaatskole op die dorp en Hollandse privaatskole op plase het die ontwikkeling van die staatsonderwys aan die Hollands-medium staatskool op Potchefstroom gestrem.²⁵⁾

In Julie 1876 het die Hollands-medium staatskool op Potchefstroom, as gevolg van 'n bepaling van die Burgersonderwyswet (Wet 4 van 1874),²⁶⁾ die Distrikskool²⁷⁾, met Hollands as medium van onderrig geword. Die Distrikskool het met 44 leerlinge, W Louis as skoolhoof en F C Rex as

24) Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, pp 155-159.

25) *Ibid.*, pp 159-161.

26) Die Burgersonderwyswet het tussen drie soorte skole onderskei, naamlik Wykskole, Distrikskole en gimnasia. Die bestaande Hollands-medium staatskool het in 'n Distrikskool verander.

27) Gedurende 1876 was daar slegs agt Distrikskole in Transvaal, naamlik vier Engels-medium skole (waarvan twee in Pretoria en een elk in Heidelberg en Zeerust), drie Hollands-medium skole (een elk in Pretoria, Lydenburg en Potchefstroom), terwyl die een in Rustenburg 'n dubbel-medium skool was.

hulponderwyser geopen (Julie 1876).

Die skoolkomitee van die Distrikskool op Potchefstroom is in 1876 hersaamgestel en het bestaan uit A M Goetz (voorsitter), dr D J Pronk (sekretaris), ds J P Jooste, N J Malherbe, rev. J Calvert, R Rutherford en J Edwards.²⁸⁾ Slegs A M Goetz van die vorige skoolkomitee is herkies en vir die eerste keer is vier Engelsspreekende lede tot die skoolkomitee verkies waardeur die invloed van die Engelse op die staats- onderwys vergroot is.

Die anneksasie van Transvaal in April 1877 deur Engeland en die proklamasie (12 April 1877) dat Engels die enigste medium van onderrig in skole moet wees, het 'n besondere invloed op die opvoedende onderwys in Potchefstroom gehad. Die aantal Engels-medium skole en leerlinge het toegeneem, terwyl die Hollands-medium skole 'n daling in leerlingtal getoon het. Die leerlingtal van die Hollands-medium Distrikskool in Potchefstroom het van 110 in 1878 na 71 in 1880 gedaal, terwyl 'n vierde Engels-medium skool, naamlik die "High School" (met G Mintern as eerste onderwyser) in 1880 geopen het.²⁹⁾

3.6 ONDERWYS IN POTCHEFSTROOM GEDURENDE DIE BLOEITYDPERK VAN CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS 1881-1899

Gedurende die jare 1880-1881 was die georganiseerde onderwys in Potchefstroom ontwrig as gevolg van die Eerste Vryheidsoorlog en die tekort aan staatsfinansies en onderwysers.³⁰⁾ Na die aanstelling van ds S J du Toit as Super-

28) Coetzee, J C Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, pp 170-185.

29) Jenkins, *op.cit.*, p 63.

30) Coetzee, J C *Onderwys in Transvaal 1838-1937*, p 48.

intendent van Onderwys³¹⁾ in 1882 het 'n merkbare verbetering in die opvoedende onderwys in Transvaal in die algemeen en in Potchefstroom in die besonder ingetree. (kyk tabel 3.1).

In die begin van 1882 is die Distrikskool op Potchefstroom (Hollands-medium staatskool) wat tydens die Eerste Vryheidsoorlog tydelik gesluit was, geopen, met W Louis as onderwyser.

In dieselfde jaar (1882) is 'n nuwe skoolkomitee vir bogenoemde skool verkies wat uit die volgende lede bestaan het, naamlik: J H M Kock (voorsitter), N S Malherbe (sekretaris), P Pretorius, dr F D Kan en J van Eck. Alhoewel niemand van die vorige skoolkomitee herkies is nie, is die Engelssprekende lede tot een verminder. Dié skoolkomitee het daadwerklike pogings aangewend om die opvoedende onderwys in Potchefstroom te verbeter sodat dit in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel kon plaasvind.

In 1883 is die naam van die Distrikskool in Potchefstroom verander na die "Publieke School" en onder die gesamentlike toesig van die Nederduitse Hervormde- en Nederduits Gereformeerde Kerk geplaas. Omdat die opvoedende onderwys in Potchefstroom weer aan die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen het, het die leerlingtal in die genoemde Publieke Skool op Potchefstroom en die aantal wykskole in die Potchefstroomse distrik geleidelik toegeneem.³²⁾ Dié toename word in tabel 3.1 aangetoon.

31) Kyk hoofstuk 2, pp 38-42.

32) Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, pp 188-190.

TABEL 3.1 DIE AANTAL OPENBARE SKOLE EN LEERLINGE IN POTCHEFSTROOM EN DISTRIK 1882-1891³³⁾

JAAR	AANTAL PUBLIEKE DORPSKOLE	AANTAL LEER- LINGE	AANTAL WYKSKOLE	AANTAL LEER- LINGE
1882	1	66	6	142
1883	1	67	7	152
1884	1	89	13	350
1885	1	81	10	252
1886	1	94	13	356
1887	1	53	20	521
1888	1	100	25	593
1889	2	199	29	661
1890	4	263	25	680
1891	9	379	49	654

Dit blyk uit tabel 3.1 dat, hoewel 'n daling in die leerlingtal in 1887 voorgekom het, die konstante vermeerdering van skole en leerlingtal 'n aanduiding is van die positiewe ontwikkeling van die openbare (staats- en staatsondersteunde) onderwys in Potchefstroom en distrik. Die daling in die leerlingtal in 1887 is gedeeltelik toe te skryf aan nuwe Engels-medium privaatskole wat geopen het en aan die tekort aan gekwalifiseerde en aanvaarbare onderwysers vir die wykskole.

In 1887 is die skoolkomitee van die Publieke Skool op Potchefstroom weer verkies en soos volg saamgestel, naamlik:³⁴⁾ J H M Kock (voorsitter), ds C W du Toit, dr F D Kan, N S Malherbe, A M Goetz, C M Douthwaite en C G C Rocher. J H M Kock (voorsitter), dr F D Kan en N S Malherbe van

33) *Ibid.*, pp 190-205.

34) *Ibid.*, p 200.

die vorige skoolkomitee is herkies, terwyl A M Goetz, wat lid van die eerste twee skoolkomitees was (maar uit die vorige een weggelaat was), ook weer verkies is. Dié wisseling van skoolkomiteeëde is 'n aanduiding van die wedywering wat tussen die twee uiteenlopende kultuurgemeenskappe van Potchefstroom bestaan het. Die Hollandsprekende gemeenskap, (voorstanders van Christelik-nasionale onderwys) se vereistes vir die opvoedende onderwys van hul kinders het grootliks verskil van dié van die meer liberale Engelssprekende gemeenskap, wat ook aangedring het dat hulle kinders in hul moedertaal en eie kultuur opgevoed word.

In Januarie 1889 het ds M L Fick as tweede predikant in die Nederduits Gereformeerde Kerk op Potchefstroom by ds C W du Toit aangesluit. Ds M L Fick het vir meer as 30 jaar in Potchefstroom as predikant gearbei en 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling van die opvoeding en onderwys gelewer. In Julie 1891 is die Noordskool³⁵⁾ met 20 kinders deur ds M L Fick gestig. Die huidige Laerskool M L Fick is na ds Fick vernoem, waardeur aan hom erkenning vir sy bydrae tot die onderwysontwikkeling in Potchefstroom gegee is.

In 1892 het dr N Mansvelt³⁶⁾ vir ds S J du Toit as Superintendent van Onderwys in die ZAR opgevolg. Gedurende N Mansvelt se ampstermyn het die opvoeding en onderwys op Potchefstroom in die openbare skole ook in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel plaasgevind. Daar was 'n verdere konstante toename in die leerlingtal in genoemde skole in Potchefstroom soos dit in tabel 3.2 aangetoon word.

35) Die Noordskool het later die huidige Laerskool President Pretorius geword.

36) Kyk hoofstuk 2, pp 42-45.

TABEL 3.2 DIE TOENAME IN DIE AANTAL SKOLE EN LEERLINGE
IN POTCHEFSTROOM EN DISTRIK 1892 - 1898³⁷⁾

JAAR	AANTAL PUBLIEKE DORP- SKOLE	AANTAL LEER- LINGE	AANTAL WYKSKOLE	AANTAL LEER- LINGE
1892	6	362	54	864
1893	7	294	42	610
1894	6	370	45	795
1895	6	465	43	760
1896	6	398	37	779
1897	5	600	48	893
1898	5	736	58	1271

Dit blyk uit tabel 3.2 dat, hoewel 'n daling in 1893 in die leerlingtal voorgekom het, daar 'n uiteindelijke vermeerdering van leerlinge in Potchefstroom was - wat die aanvaarding van die Christelik-nasionale opvoedende onderwys in die openbare skole, met Hollands as medium van onderrig, aandui.

In 1898 was die volgende vyf openbare dorpskole in Potchefstroom (kyk tabel 3.3):

TABEL 3.3 OPENBARE DORPSKOLE IN POTCHEFSTROOM IN 1898³⁸⁾

SKOOL	HOOF
Publieke Skool (ou Distrikskool)	D J Viljoen
Armenskool	M M Bresler
Jooste-Giftskool (voorheen Meriba- skool)	S Boersman
Infant School	(?)
Noordskool	(?)

37) Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, p 221.

38) *Ibid.*, p 225.

Dié bloeitydperk gedurende die jare 1881 tot 1899 van opvoedende onderwys in Potchefstroom, wat in hoofsaak aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen het, is deur die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog van 1899 beëindig.

3.7 ONDERWYS IN POTCHEFSTROOM TYDENS EN ONMIDDELLIK NA DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899-1906

3.7.1 Die invloed van die Anglo-Boereoorlog op die onderwys

Die georganiseerde onderwys in Potchefstroom het, soos dit die geval deur die hele Transvaal was, met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 tot stilstand gekom. Die meeste skoolhoofde en onderwysers van die dorp- en wykskole het op kommandodiens gegaan en die skole is gesluit. Ds M L Fick het egter daarin geslaag om die Armeskool met die dienste van die dowe E Bosman (as waarnemende hoof) en twee dames tydelik aan die gang te hou.

Op 11 Junie 1900 het die Engelse Potchefstroom ingeneem en die skoolgebou van die Armeskool ingerig as tydelike huisvesting vir die gevange huisgesinne (vroue en kinders), totdat hulle later na konsentrasiekampe oorgeplaas kon word. In 1901 is 'n konsentrasiekampskool (met A Law as hoof) in 'n markeetent op Potchefstroom opgerig waar ongeveer 400 kinders kamponderwys ontvang het. Na die sluiting van die Vrede van Vereeniging in 1902, is die kampskool gesluit.³⁹⁾ Die meeste van die openbare skole (kyk tabel 3.4) het direk na die Vrede van Vereeniging heropen en met Engels as onderrigmedium, is die openbare onderwys voortgesit.

39) *Ibid.*, p 228.

TABEL 3.4 OPENBARE SKOLE WAT NA DIE VREDE VAN VEREENIGING
IN 1902 OP POTCHEFSTROOM HEROPEN HET⁴⁰⁾

SKOOL	AANTAL LEERLINGE	SKOOLHOOF	HUIDIGE NAAM VAN SKOOL
Suidskool (Armenskool)	40	A A le Roux (Waarnemend)	Laerskool M L Fick
Publieke skool (Central School)	(?)	G Newby	Central Primary School
Noordskool (Jooste-Gift- skool)	220	J J van der Merwe	Laerskool President Pretorius

In 1903 is M Bresler (vorige hoof van die Suidskool) wat in 1899 op kommando gegaan het, weer as hoof van dieselfde skool aangestel. Bresler was die enigste van die vooroorlogse skoolhoofde wat na Potchefstroom terug gekeer het. In 1903 is die Burgerweeshuis, onder leiding van ds M L Fick, met 90 kinders geopen om die oorlogswese te huisves. 'n Goewermentsweeshuis is in dieselfde jaar (1903) met 40 kinders ingerig. Die twee afsonderlike weeshuise het in 1904 geamalgameer.⁴¹⁾

Die onderwys was na die Anglo-Boereoorlog onder Engelse beheer en die medium van onderrig was Engels. Engelse onderwyseresse is selfs na die wykskole in die distrik van Potchefstroom gestuur om met die denasionalisering en verengelsing van die Boerejeug voort te gaan. Hollands as moedertaal, Godsdiensonderrig en Vaderlandse Geskiedenis het 'n ondergeskikte plek in die kurrikulum gekry.⁴²⁾ Dié toedrag van die onderwys het direk aanleiding gegee

40) *Ibid.*, pp 226-230.

41) *Loc.cit.*

42) Barnard, S S 'n *Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool 1838-1967*, p 544.

tot die stigting van CNO-skole.

3.7.2 Die stigting van CNO-skole in 1903

Die Hollands-Afrikaanssprekende bevolking van Potchefstroom en distrik was, (soos die geval deur die hele Transvaal), ernstig bekommerd en beswaard oor die Engelse oorheersing in die onderwys en die bedreiging van hulle Christelik-nasionale opvoedende onderwys. Die Christelik-nasionale onderwysbeweging het gevolglik ook in Potchefstroom tot stand gekom en die stigting van CNO-skole tot gevolg gehad.

TABEL 3.5 CHRISTELIK-NASIONALE SKOLE (CNO-SKOLE) WAT IN DIE BEGIN VAN 1903 IN POTCHEFSTROOM EN DISTRIK GESTIG IS⁴³⁾

SKOOL	ONDERWYSER	AANTAL LEERLINGE
Boschhoek	J van der Tak	14
Buffeldoorns	F Lion-Cachet (mej)	16
Deelkraal	A J van der Walt	20
Kaalplaats	R Hoekstra	22
Vlakplaats	P Viljoen	24
Potchefstroom-Molenstraat	J van der Walt	23
Potchefstroom-Sentraal	H Dreyer	14

Benewens die skole wat volgens tabel 3.5 in die begin van 1903 gestig is, is daar gedurende die verloop van dieselfde jaar (1903) ook CNO-skole op die volgende plekke geopen, naamlik: Brakfontein, Bronkhorstfontein, Cardeville, Jachtfontein, Losberg, Modderfontein, Witkoppies en Witstinkhoutboom. Dr J D du Toit (Totius) het as vrywillige inspekteur

43) Gereformeerde Kerk. *Almanak* 1904, pp 69-70.

van die Christelik-nasionale onderwysbeweging bogenoemde skole gereeld besoek. Die Boerebevolking van Potchefstroom en omgewing was, ten spyte van die verarmende invloed van die Anglo-Boereoorlog, 'n gevestigde gemeenskap. Dié Afrikaner-Boeregemeenskap se Christelik-nasionale lewensbeskouing was nog suiwer en het steeds die norm van hul onderwysideaal gevorm. Dit was ook in Potchefstroom die rede vir die totstandkoming van so baie CNO-skole, waardeur die poging tot verengelsing van die Afrikanerkind misluk het. Finansiële druk, die invloed van die Smutsonderwyswet en die gelate aanvaarding van die liberale opvoedende onderwys het ook in Potchefstroom al die voorafgenoemde CNO-skole teen die einde van 1906 óf laat sluit óf staatskole laat word (kyk hoofstuk 2, pp 56-57). Die Molenstraatskool was die laaste van die CNO-skole wat in Oktober 1906 by die Noordskool ingelyf is.⁴⁴⁾

3.7.3 Die oorpasing van die Gereformeerde Teologiese Skool vanaf Burgersdorp na Potchefstroom in 1905

Die Gereformeerde Teologiese Skool, wat in 1869 op Burgersdorp gestig is, is in die begin van 1905 na Potchefstroom oorgeplaas.⁴⁵⁾ In 'n afskeidsartikel in die destydse studenteblyd is soos volg geskryf: "... want immers als die lente weer aanbreekt in 1905 dan zijn we niet meer Burgersdorpers maar Potchefstroomers."⁴⁶⁾ Die Kuratore het slegs R9500 beskikbaar gehad vir die aankoop van grond en die bou van 'n biblioteek, klaslokale, koshuise en rektorswoning, asook vir die salarisse van personeel.⁴⁷⁾ Ten aanvang is 3,5 hektaar grond in Potchefstroom aangekoop waarop 'n skoolgebou en rektorswoning reeds in die begin van 1905 opgerig is. Op 13 Februarie 1905 het die Teo-

44) Coetzee J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, p 243.

45) Gereformeerde Kerk. Notule van Kuratore, 7 Desember 1904, art. 27.

46) Teologiese Skool. *Fac et Spera* September 1904, p 3.

47) Gereformeerde Kerk. Notule van Buitengewone Vergadering van Kuratore, 27 Junie 1904.

logiese Skool met 'n voorbereidende afdeling⁴⁸⁾ op Potchefstroom geopen.⁴⁹⁾

Die Gereformeerde Teologiese Skool het studente sowel as skoliere gehuisves. Die Kuratore het riglyne vir die voorbereidende onderwys neergelê om as integrale deel van die Teologiese Skool in te skakel. Die volgende beleid is neergelê, naamlik dat:⁵⁰⁾

- * 'n toelatingseksamen jaarliks in Desember deur voornemende leerlinge en studente afgelê word;
- * elke kandidaat R0,75 eksamengeld betaal;
- * die toelatingseksamen Lees, Skryf, Reken, Nederlandse Taal, Engelse Taal, Geskiedenis en Aardrykskunde insluit;
- * die verskillende klasse in ses kategorieë verdeel word, elk met bepaalde vakke en tydsduur; klasse 1-4 as voorbereidende klasse tot die Literariese studie beskou word (met ander woorde vir leerlinge bedoel) en klas 4 matrikulasiewerk doen;
- * almal wat die matrikulasie-eksamen afgelê het as studente beskou word, terwyl die ander die "juniors" is en
- * alle studente wat in die Teologie verder wil studeer, 'n toelatingseksamen daarvoor aflê.

Die Teologiese Skool het 'n aktiewe aandeel in en bepalende invloed op die verdere onderwysontwikkeling in Potchefstroom gehad en daarom 'n besondere bydrae tot die Christelik-nasionale onderwysbeweging en -stryd gelewer.

48) Die voorbereidende afdeling van die Teologiese Skool het leerlinge bedoel wat Christelike opvoedende onderwys ter voorbereiding vir toelating tot die Teologiese - of Literariese studie ontvang het.

49) Gereformeerde Kerk. *Notule van Kuratore*, 10 Februarie 1905, art. 4.

50) *Ibid.*, 7 Desember 1904, art. 27.

3.7.4 Ander onderwysgebeure in Potchefstroom tot 1914

In 1905 het die "Central School" in twee afsonderlike sekondêre skole verdeel, naamlik die "Potchefstroom Boys High School" met C D Hope en die "Potchefstroom Girls Secondary School" met mej Burton onderskeidelik as hoofde. Laasgenoemde skool het ook oor 'n primêre afdeling beskik.⁵¹⁾ Die Engelssprekende gemeenskap van Potchefstroom was ten opsigte van onderwysvoorsiening bo die Hollands-Afrikaanssprekendes bevoordeel. Die "Boys High School" het, gemeet aan die standaarde van daardie tyd, oor besonder groot skoolgronde en funksionele nuwe skoolgeboue beskik. Tydens die opening van dié skool het die burgermeester, A M Goetz, dit in die vooruitsig gestel dat die skool die "chief school" in die Wes-Transvaal sou word.⁵²⁾

Die dorpskole en leerlingtal, soos dit aan die einde van 1905 in Potchefstroom was, word in tabel 3.6 aangetoon.

TABEL 3.6 DORPSKOLE EN LEERLINGTAL IN POTCHEFSTROOM AAN DIE EINDE VAN 1905⁵³⁾

SKOOL	LEERLINGTAL
Boys High School	72
Girls High School	99
Suidskool	435
Noordskool	329
Vyfhoekskool	244

Dit blyk uit die voorafgaande tabel dat sekondêre onderwys reeds in 1905 aan die Engelssprekende leerlinge voorsien is, maar nie aan die Hollandssprekende (Afrikaanse) ge-

51) Jenkins, *op.cit.*, p 105.

52) *Ibid.*, pp 99-100.

53) Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, p 236.

meenskap nie. Hollandssprekende leerlinge, wat sekondêre onderwys wou ontvang, was dus genoodsaak om dit aan 'n Engels-medium skool te ontvang.

In 1906 het Potchefstroom sy eerste adviserende Skoolraad⁵⁴⁾ gekry, wat soos volg saamgestel was, naamlik: J B Skirving (voorsitter), D Conradie (sekretaris), ds M L Fick, S Boshoff, F P Crots, B D Pienaar, F Schutte, J J F du Toit, P Davidtsz en M König. Die Skoolraad het in daardie jaar (1906) oor 31 skole in Potchefstroom en distrik jurisdiksie gehad. Gedurende 1907 is die eerste Skoolraad, wat in 1906 saamgestel was, as gevolg van die bepaling van die Smutsonderwyswet (kyk *hoofstuk 2*, pp 64-65) ontbind en soos volg her-saamgestel, naamlik: ds M L Fick (voorsitter), F P Crots (sekretaris), B D Pienaar, F Schutte, J J F du Toit en P Davidtsz - almal lede van die vorige Skoolraad wat herkies is, en die volgende nuwe lede, naamlik: J Gainsford, S Cronje, J Prinsloo en N S Malherbe.⁵⁵⁾

In 1913 is 'n leerstoel vir Opvoedkunde aan die Teologiese Skool ingestel om daardeur in die behoefte aan die opleiding van Christenonderwysers te voldoen. In 1914 het die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Transvaal die staat versoek om die opleiding van onderwysers in Potchefstroom geldelik te steun.⁵⁶⁾

3.8 SAMEVATTING

Die vestiging van 'n Hollandssprekende Afrikaner-Boeregemeenskap in Potchefstroom en distrik na 1838 het besonder

54) Adviserende Skoolrade is die eerste keer deur middel van die Selborne-Onderwysmemorandum van 1906 ingestel (kyk *hoofstuk 2*, pp 55-56). Die Smutsonderwyswet van 1907 het die samestelling en verpligtinge van Skoolrade verder omskryf (kyk *hoofstuk 2*, p 65).

55) Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. In Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, p 241.

56) Bingle, P W Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika 1850-1959, p 208.

vinnig en doelgerig plaasgevind. Binne vier jaar na die aankoms van die Voortrekkers was die dorpsaanleg van Potchefstroom gedoen en die eerste kerkgebou opgerig. Die ouers het gedurende die vestigingsjare die nodige aandag aan die opvoeding en onderwys van hulle kinders gegee. Dié opvoedende onderwys het aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen.

Potchefstroom het in 1852 die eerste hoofstad van die ZAR geword en die eerste openbare skool is in dieselfde jaar, met H van der Linden as onderwyser, geopen. Die onderwys is egter gedurende die vyftiger- tot sewentigerjare van die vorige eeu ernstig benadeel deur voortdurende tekorte aan onderwysers en finansies asook deur die politieke en kerklike stryd. Die Engelssprekende bevolking van Potchefstroom het toegeneem en, aangesien die openbare skole Hollands as onderrigmedium gebruik het, privaatskole gestig om hulle kinders in die Engelse taal en kultuur te onderrig.

Na die Eerste Vryheidsoorlog het die onderwys op Potchefstroom en in die distrik die bloeitydperk van die tagtiger- en negentigerjare van die vorige eeu ervaar. Die leerlingstal het van 66 in dorp- en 142 in plaasskole in 1882 sodanig vermeerder dat daar in 1898 736 in dorp- en 1271 leerlinge in plaasskole was. Tydens die Anglo-Boereoorlog het die openbare onderwys tot stilstand gekom en die Afrikanerkinders het in kampskole onderwys ontvang. Na die oorlog het die Engelse oorheersing van die onderwys die stigting van CNO-skole op Potchefstroom en in die distrik in 1903 tot gevolg gehad. Gedurende 1905 is die "Boys High School" en die "Girls High School" geopen. Die Gereformeerde Teologiese Skool is in dieselfde jaar (1905) vanaf Burgersdorp na Potchefstroom oorgeplaas. Die CNO-skole het egter, as gevolg van 'n ernstige tekort aan geld en die liberale houding van baie Afrikaners

teenoor die opvoedende onderwys (as gevolg van die Smuts-onderwyswet), in 1906 óf gesluit óf by die staatsonderwys ingeskakel.

Die opvoedende onderwys van die Christen-Afrikanerkind was dus vanaf die sestigerjare van die vorige eeu, ten spyte van die bloeitydperk van 1882 tot 1898, sterk onder die druk en invloed van die Engelse gemeenskap in Potchefstroom. Die eerste en tweede nageslag van die Voortrekkers moes dus deur die jare heen steeds 'n stryd voer om die behoud van hul Calvinistiese lewensbeskouing en vryheidsideaal. Die sluiting van die CNO-skole in 1906 was egter nie die einde van die Christelik-nasionale onderwysbeweging en -stryd in Potchefstroom nie. In 1907 het die Voorbereidende Skool aan die Teologiese Skool as voorloper van Potchefstroom Gimnasium en as direkte uitvloeisel van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, geopen.

In die volgende hoofstuk word die stigting en ontwikkeling van Potchefstroom Gimnasium behandel.